

**VYFTIEN NUWE
PARADIGMAS
(NO.1-3)**

ARNO & MARIANNE CLAASSEN

**'N VARS NUWE DENKE OOR
GEMEENTEWEEES! (DEEL 2)**

© KOPIEREG 2010

**ARNO & MARIANNE CLAASSEN
LIFEWISE CONSULTANTS**

UITGEGEE DEUR:

LIFEWISE UITGEWERS

ABSA, Takkode – 334 645
Rekening nommer: 9211 621 868

POSBUS 31288
WONDERBOOMPOORT, 0033

(012) 335 7571
Arno Claassen- 082 460 3024
Marianne Claassen - 082 412 7000

arno@lifewise.co.za

www.lifewise.co.za

DIE REGTE VAN DIE GESKRIF SOOS HY IS, IS IN DIE
HANDE VAN DIE SKRYWER. ENIGE LESER WORD
AANGEMOEDIG OM DIT VIR SOVEEL MENSE AS
MOONTLIK AAN TE STUUR SONDER OM DIE INHOUD
DAARVAN TE VERANDER. DIE INHOUD KAN VRYLIK
VERWERK WORD IN JOU EIE WOORDE EN WEER
GEBRUIK WORD ONDER JOU EIE NAAM!

VOORWOORD

Mense wat vooruitgaan in die lewe is altyd bereid om uit ander mense se ondervinding te leer, want hulle weet dit is nie nodig dat almal alles op hulle eie hoef te ontdek nie. Die Here is besig om te beweeg en ons moet seker maak dat ons bybly in die rigting wat Hy beweeg. Die Here beweeg deur sy liggaam en nie net deur een individu nie. Laat ons almal saam beweeg in dit waarheen Hy die liggaam lei.

Ons moet een beginsel ook baie duidelik vasmaak. Dit wat ek hier skryf is nie noodwendig die nuwe bevele uit hoofkantoor nie. Dit is bloot my belewenis van wat ek hoor! Elke mens, en veral gemeentelid, moet self by die Vader hoor aangaande die weg wat hulle moet gaan. Ons is almal in dieselfde koninkryk, maar in die praktyk is almal op hulle eie individuele pad saam met die Vader. Net die Vader kan vir jou bevestig wat die nuwe aanpassings is wat jy moet aanbring. Ek skryf hierdie dinge vir jou, omdat ek glo dit is 'n belangrike stasie waar ons almal gaan stilstaan en mekaar moet help om die regte besluite te maak. Ek verwelkom dus ook enige korrespondensie aangaande die saak en is baie oop vir enige positiewe inspraak.

Wel, ons het nou almal die storie gelees van wat onder die Bhojpuri volk gebeur het. Dit bly merkwaardig en die moeite werd om te bestudeer. Die verhaal is so spanningsvol dat jy nie kan wag om klaar te lees om uiteindelik te kan hoor hoe dit so gebeur het nie. Mens wil sommer net verander om ook deel te wees van so 'n mooi verhaal. Wel, wie weet of jy of ons almal saam nie die volgende verhaal gaan wees waarvan die volgende generasie gaan lees nie?

DIE VYFTIEN PARADIGMAS

Onthou net dat hierdie skrywe my eie interpretasie is van wat ek glo daar in Indië gebeur het. Dit is nie David Watson se eie woorde nie en moenie voor sy deur gelê word as dit dalk nie honderd persent korrek is nie!

Soos ek die verhaal bestudeer het, glo ek dat daar vyftien paradigmas was wat anders is as wat ons oor die algemeen dinge vandag doen. Dit is immers anders as wat ek self dit gedoen het in die laaste paar jare. Die woord paradigma beteken dat jy gewoon was om 'n saak uit 'n sekere hoek te bekyk en te beleef, maar skielik sien jy dieselfde saak uit 'n heeltemal ander hoek en beleef jy heeltemal ander resultate. Indien die verskil in uitkyk geweldig anders is, word dit 'n paradigma skuif genoem. In hierdie verhaal sien ek 'n klomp paradigmas. Miskien sien jy persoonlik dit al lankal so, dan sal dit nie vir jou 'n paradigma skuif wees nie.

1) MOENIE GEMEENTES PLANT NIE, PLANT NET EVANGELIE!

Dit is duidelik in die Woord dat alles in die lewe 'n Persoon is, naamlik Jesus Christus! Hy is ons geregtigheid, verlossing, vryheid, voorsiening, toekoms, ens. I Kor.1:30 God het nooit vir ons iets kom gee nie, Hy het vir ons 'n Persoon kom gee, naamlik Sy eie Seun Jesus Christus. In God se koninkryk is dinge altyd 'n uitvloeisel van 'n verhouding met Hom deur Sy Seun. Soek verhouding met die Verlosser en verlossing sal jou deel word!

So is dit ook so dat daar nooit in die Woord die opdrag was om gemeentes te plant nie! Die planting van gemeentes is nooit die fokus of die doel waarvoor dit gaan nie. Alles gaan

oor die Vader wat Homself aan die mensdom wil bekendstel. Gemeentevorming is 'n byproduk wat ontstaan uit dit wat die hoofsaak is. Ons doel in die wêreld is om die saad van die Woord te saai en nat te maak en God sal laat groei. Ons moet onself besig hou met die saaiproses en die Vader sal Homself besig hou met die groeiproses – I Kor.3:6-8. Gemeentes ontstaan vanself waar die saad posvat in mense se harte. Gemeentes ontstaan vanself soos mense in getalle die Vader aanvaar in hulle lewens.

Gemeentevorming mag ook nooit 'n doel in sigself wees nie, want enige gemeente is net 'n middel tot 'n doel. Die doel is die uitbreiding van die koninkryk (laat U koninkryk kom) en nie net om gelowiges te versorg nie. Uitbreiding vind plaas as nog harte die saad aanvaar en nie wanneer ons die saad in die reeds bekeerde harte oppas nie! As gemeentewees net die middel tot die doel is, mag dit nooit die hooffokus, aandag, tyd en energie kry nie. Let wel; ons is nie in 'n reaksie of polarisasie waar iets moet verkeerd bewys word voordat ons 'n antwoord het nie. God is 'n Vader en Sy familie op aarde is Sy gemeente; die liggaam van Sy Seun Jesus Christus. Ons is die bruid van Jesus en het 'n ongelooflike belangrike plek. Die reg van die bruid lê in die bruidegom, maar die doel van ons lewe op aarde is om diegene te vind wat ook deel van die bruid is! Laat ons nie vir onself lewe nie, maar vir hulle wat nog soekend is!

2) GEEN OORDRAG VAN KULTUUR!

Die evangelie word van mens tot mens oorgedra en ons almal weet dat geen twee mense op aarde presies dieselfde verwysingsraamwerk, agtergrond en kultuur het nie. Hierdie faktor bring aan die een kant mee dat ons mekaar maklik mis, maar aan die ander kant dat ons alles dieselfde wil maak, sodat ons dieselfde lyk en mekaar makliker verstaan. Die spreekwoord sê dan ook soort soek

soort! Dit is belangrik dat ons sal seker maak dat ons *Bybelse waardes* het, maar in funksionering, styl, bouproses en strukture moet ons verskillend wees, omdat ons verskillende mense met verskillende kulture en gawes is. Elke huis of gemeente moet Bybelse waardes van eer, respek, liefde, aanvaarding, vergifnis, ens hê. Soms noem mense dit die kultuur van die huis, maar is eintlik Bybelse waardes vir alle gelowiges. As ons van kultuuroordrag praat, praat ons eintlik van nasiekultuur, godsdienskultuur en ons eie skepping van Christenkultuur!

Die saak van kultuuroordrag is nie vir ons so ernstig as ons werk onder mense van dieselfde taal, kultuur en nasie nie. Die evangelie moet *kontekstualiseer* waar hy ookal kom. Dit beteken dat mense hulle taal, kultuur, gewoontes, opvoeding, leefstyle en rituele rondom en uit die evangelie begin bou en lewe! Daar is geen manier hoe ons as westerlinge ooit die oosterse kultuur met hulle Hindoeïsme, Buddisme en Moslem geloof ooit sal verstaan as jy nie daarin grootgeword het nie. Hoe kan ons dan gaan en vir hulle vertel hoe hulle hulle gemeentes moet bou en hulle byeenkomste beoefen. Ons kan waardes leef en deurgee, maar ons kan nie ons styl en manier van doen deurgee nie. Die westerse kerkwees het in sy arrogansie homself gaan voortplant in die ooste. Wie sê hulle moet ons liedjies luister en gemeentes bou soos ons dit doen. Die westerse modelle is boonop nie juis baie suksesvolle modelle, behalwe dat ons goed organiseer en sentraliseer. Ons verhoudings en tipe leierskap laat veel te wense oor in die meeste gevalle. Dit is tyd om opnuut na al die dinge te kyk.

Die doel van apostoliese inspraak is nie souseer om vorm en inhoud voor te skryf nie, maar dinamiese voorbeelde daarvan in die praktyk te wees. Apostoliese inspraak is daar om nuwe velde oop te maak en die mense daar persoonlik te bedien. Hulle moet op hulle eie met die

Vader gelos word om te besluit presies hoe hulle die opkomende gemeentes gaan bou. Apostoliese inspraak het nie gesag oor mense nie, maar gesag *in* mense se lewens weens die intieme verhoudings wat hulle met die mense het. Mense het die idee as hulle iets na-aap wat suksesvol is, dan sal dit ook suksesvol wees. Dit is die hart van 'n saak wat iets suksesvol maak en nie die struktuur, styl en kultuur nie. Kan ons as apostoliese leiers werklik mense vertrou om 'n slag self by die Here te hoor hoe hulle die evangelie moet pakket vir die mense rondom hulle? Die saak van kultuur is baie meer relevant as wat ons dink. Ons eie westerse kerkkultuur staan nie mense meer aan nie, want dit is vreemd, onverstaanbaar, passief en die taal is 'Christianese'! Ons moet nie net ophou om ons eie kultuur voort te plant nie, ons moet 'n slag hand in eie boesem steek en eerlik raak hoekom ongelowiges nie hou van wat ons as gelowiges doen nie. Die beste manier om geen nasiekultuur voort te plant nie, is om nie nuwe bekeerlinge na jou gemeente te nooi nie, maar eenvoudig nuwe gemeentes met hulle te vestig en hulle in hulle eie nuwe gemeentes te bedien! Sodoende sal ons altyd op die 'gaan dan heen' wees en nie 'kom hierheen nie'! Het enigeen van ons al gaan sit en eerlik ons eie kerklike wêreld ontleed om te sien wat daarin vreemde kultuur vir ander mense is en die verspreiding van die evangelie verhinder?

3) DIE DISSIPELSKAP VAN ONGELOWIGES!

Die eerste twee paradigmas is ernstiger as wat ons dink, maar nog mak in vergelyking met die wat kom. Die enigste hoofopdrag wat Jesus aan sy dissipels gegee het net voor Hy opgevaar het, was "Gaan dan heen en maak dissipels van **al die nasies** en ...". Hierdie groepie gelowiges se opdrag was nie om die bestaande gelowiges te dissipel nie,

maar om al die nasies te dissipel! Dissipelskap van die ongelowiges in die nasies loop hand aan hand in die Woord! Dissipelskap en gelowiges loop hand aan hand in ons kerklike denke. Ons gaan haal mense in die wêreld om hulle in die kerkprogramme in te bring en ons noem dit dissipelskap. Ons kry dit nogals gedeeltelik reg, afhange van of jy kursusse en dissipelskap as dieselfde sien. Die enigste probleem bly egter dat weinig van die dissipels na hulle dissipelskap ooit weer by ongelowiges betrokke raak in hulle lewens, want hulle weet nie meer hoe om met ongelowiges te kommunikeer nie. Ons het hulle so gedissipel in die teenwoordigheid van net gelowiges dat hulle glad nie meer enige ongelowige ken en kan hanteer nie!

Statistieke sê dat as enige persoon twee jaar in die kerklike kultuur gespandeer het, hy gewoonlik nie meer een ongelowige as vriend in sy lewe oorhet nie! Statistieke sê ook dat die gemiddelde gelowige nie een hoofstuk 'n dag lees in die Bybel nie en ook nie eers een persoon per jaar dissipel nie! Ons huidige dissipelskap in die kerk is so oneffektief dat gelowiges nie eers een ander gelowige per jaar dissipel nie! Ons as gemeenteleiers sal iewers baie eerlik met onself moet raak. In die koninkryk tel net dissipelskap punte en geen ander programme nie. Dit help nie om tien goed goed te doen, maar die regte ding doen ons feitlik glad nie.

David Watson het die probleem opgelos deur op te hou om gelowiges as 'n hoofokus op hulle eie te dissipel. Dit beteken in beginsel dat jy alle programme en kursusse vir gelowiges en veral vir pasbekeerdes totaal los en hulle betrokke kry by die hoofopdrag soos deur Jesus deurgegee, naamlik die dissipelskap van die ongelowiges! Die nuwe gelowiges word dus in beginsel gedissipel deur hulle saam te neem wanneer ons die ongelowiges gaan

dissipel! Die opdrag was “gaan dan heen na die nasies” en nie “kom hierheen en sit stil en luister nie”. Dissipelskap is nie ‘n program wat deur ‘n voltydse span gedryf word nie. Dit is ‘n beweging of leefstyl wat deur gewone gelowiges gelewe word. Dissipelskap is ‘n leefstyl vir alle mense!

Die gedagte om ongelowiges te dissipel is vir die meeste gelowiges ‘n baie vreemde gedagte, alhoewel hulle dit heelwaarskynlik onbewustelik reeds gedoen het. Alle gelowiges dissipel hulle ongelowige kinders ‘n hele aantal jare voordat die kinders Jesus as hulle persoonlike verlosser aanneem. Dissipelskap beteken in beginsel om dissipline in jou lewe te kry. Dit behoort makliker te wees om gelowiges te dissipel, maar niks keer jou om ongelowiges te dissipel nie. Dissipelskap is nie ‘n proses wat na bekering begin nie, maar lei na bekering toe! Ons moet ons koppe begin draai oor die saak of ons sal altyd vasgevang sit in ‘n kerkwees wat hoofsaaklik rondom gelowiges draai. Daar is net een hoofprogram in gemeentewees en dit is die dissipelskap van die ongelowiges of nasies en alle ander sake word daarvolgens en daaruit beplan. Hierdie is een van die hoofredes hoekom daar so ‘n spoedige gemeentepanting onder die Bhojpouri volk kon plaasvind.

Dit is maklik om te weet waar jou gemeente se prioriteite is. Kyk net na die gemeente se begroting en die dagprogram van die gemeenteleier. Hoe kan ons 80-90% van ons geld op geboue en gelowiges spandeer en dan onself oortuig dat ons hoofdoel die dissipelskap van die ongelowiges is? Dit rym eenvoudig net nie. Hoe kan die gemeenteleier 80-90% van sy tyd aan organisasie en die versorging van die gelowiges spandeer en dan homself oortuig dat die passie van sy lewe is die dissipelskap van die ongelowiges? Ek vra hierdie vrae in die eerste plek vir myself en nie vir jou nie. Jy moet dit vir jouself voor die Here antwoord. As jy ‘n

oplossing soek beveel ek jou aan om die volgende studiestukke te lees.

OPSOMMING

- 1) Elke persoon moet persoonlik by die Vader hoor oor die pad wat hy moet stap aangaande sy persoonlike lewe, huis, finansies ens.
- 2) Leef vir die doel en nie die middel nie!
- 3) Ons plant en maak nat, maar net God kan laat groei!
- 4) Daar is Bybelse waardes wat vir alle mense op aarde bedoel is.
- 5) Nasiekultuur en Christenkultuur keer die planting en verspreiding van die evangelie en mag nie voortgeplant word nie.
- 6) Leiers moet waardes voortplant en nie hulle eie kerkkultuur nie!
- 7) Die groot opdrag was om al die nasies te dissipel en nie al die gelowiges nie!
- 8) Die hele onderwysstelsel gaan eintlik oor die dissipelskap van ongelowiges!
- 9) Oplossings kom eers wanneer jy bereid is om koelbloedig eerlik met jouself te raak.
- 10) Jou gemeentebegroting weerspieël die ware visie van die gemeente. Jy spandeer geld waar jou hart is!